



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL GEHOU IN DIE KOMITEEKAMER, KORPORATIEWE DIENSTE OP WOENSDAG, 9 MAART 2016 OM 14:00**

---

**TEENWOORDIG**

Interne lede:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz (voorsitter)  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Eksterne lede:

Mnr C Rabie  
Me L Waring

Ander amptenare:

Bestuurder: Sekretariaat- en Rekordsdienste, me N Brand (sekretariaat)  
Snr Bestuurder: Bou-omgewing, mnr A M Zaayman (adviseur)  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp (waarnemer)

**1. OPENING**

Die voorsitter open die vergadering.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die komitee is voltallig.

**3. VERKLARING VAN BELANGE**

**BESLUIT** dat kennis geneem word dat daar geen botsing van belange verklaar is nie.

**4. NOTULE**

**4.1 NOTULE VAN 'N MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAALVERGADERING GEHOU OP 3 FEBRUARIE 2016**

**BESLUIT**

(op voorstel van mnr C Rabie, gesekondeer deur mnr P A C Humphreys)

Dat die notule van 'n Munisipale Beplanningstribunaalvergadering gehou op 3 Februarie 2016 goedgekeur en deur die voorsitter onderteken word, onderhewig aan die regstelling van me L Waring se naam onder item 4.1.

**5. SAKE VIR OORWEGING**

**5.1 OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDES OP ERF 497, RIEBEEK-WES (15/3/5-12) (WYK 3)**

'n Aansoek is ontvang vir die opheffing van beperkende titelvoorwaardes op erf 497, Riebeek-Wes ten einde 'n winkel vanaf die eiendom, geleë te Solomonsstraat 2, Riebeek-Wes te bedryf.

Die winkel word tans ingevolge die Skemaregulasies onregmatig vanaf die eiendom bedryf, en dien hierdie aansoek om die grondgebruik te wettig.

5.1/...

Mnr Rabie noem – ter inligting – dat menslike aktiwiteite soos bv. geraas by 'n gastehuis nie by die oorweging van 'n hersoneringsaansoek 'n invloed moet hê nie, aangesien daar Verordeninge behoort te wees wat hierdie aspekte aanspreek.

Me M S Terblanche verneem of dit korrek is dat hierdie verslag ook handel met die hersoneringsaspekte en of die komitee nie slegs die kriteria vir die aansoek om opheffing van beperkende titelvoorwaarde moet oorweeg nie? Mnr Rabie bevestig dat hierdie probleem veroorsaak word deur die feit dat die twee aansoeke saam geadverteer was, en word die inligting derhalwe in een verslag hanteer. Mnr Zaayman noem dat dit belangrik is om die breë prentjie te voorsien, ten einde opheffing te motiveer.

Dat, onderhewig aan die wysigings aan die verslag soos voorgestel gedurende die bespreking van die item, word –

### **EENPARIG BESLUIT**

(op voorstel van mnr C Rabie, gesekondeer deur me L Waring)

- (a) Dat die aansoek vir die opheffing van beperkende voorwaarde ingevolge paragraaf (B)(3)(b) van die Titelakte, Nr T18959/1962, ingevolge paragraaf 60 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015), goedgekeur word;
- (b) Dat die volgende prosedures gevolg moet word:
  - (1) Die aansoeker/eienaar moet by die Aktekantoor aansoek doen om die beperkende voorwaarde te laat verwyder. Die Aktekantoor mag die volgende inligting benodig ter oorweging van die aansoek, naamlik – afskrif van die goedkeuring deur Swartland Munisipaliteit, oorspronklike Titelakte, afskrif van die kennisgewing wat deur Swartland Munisipaliteit in die Provinsiale Koerant geplaas was;
  - (2) 'n Afskrif van die gewysigde Titelakte moet aan Swartland Munisipaliteit voorsien word vir rekorddoeleindes, alvorens die bouplanne deur die Munisipaliteit vir goedkeuring oorweeg kan word;
  - (3) Die aansoeker/beswaarmakers moet van hul reg tot appèl in kennis gestel word ingevolge Hoofstuk VII, paragraaf 79 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015);
- (c) Dat die aansoek vir die volgende redes ondersteun word:
  - (1) Daar is geen fisiese beperkings op die eiendom wat 'n negatiewe impak op die voorgestelde aansoek sal hê nie;
  - (2) Die eiendom beskik reeds oor voldoende infrastruktuur;
  - (3) Toegang tot die eiendom uit die bestaande openbare pad word as voldoende beskou en gegewe die feit dat daar voldoende ruimte op die eiendom is om die voorgestelde op-perseel parkering te voorsien, sal die voorgestelde aansoek nie 'n negatiewe impak op voetganger-, sowel as voertuigbeweging hê nie;
  - (4) Die aansoek voldoen aan die riglyne soos vervat in die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van Swartland Munisipaliteit;
  - (5) Die aansoek is in ooreenstemming met die beginsels van Hoofstuk 2 van SPLUMA en Hoofstuk VI van LUPA.

### **5.2 HERSONERING, AFWYKING EN OPHEFFING VAN BEPERKINGS OP ERF 686, YZERFONTEIN (15/3/3-14, 15/3/4-14, 15/3/5-14) (WYK 5)**

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van erf 686, geleë in Lutie Katzweg 65, Yzerfontein vanaf residensiële sone 1 na algemene residensiële sone 3 ten einde die bestaande woning in 'n gastehuis te omskep.

Daar word verder aansoek gedoen vir die opheffing van 'n beperkende titelvoorwaarde, asook vir 'n afwyking om vanaf die voorgestelde 5m syboullyn tot ±4,6 op die noordelike grens en ±3.7 op die suidelike grens af te wyk.

Mnr Rabie noem dat die Soneringskemaregulasies tans bepaal dat 'n hersonering benodig word vir die bedryf van 'n gastehuis, maar dat oorweging daaraan verleen moet word om dit as 'n vergunningsgebruik te hanteer.

Mnr Zaayman noem dat wanneer die Soneringskemaregulasies hersien word, die voorstel van mnr Rabie oorweeg sal word.

Die voorsitter versoek dat met verwysing na die publieke deelnameproses, 'n kaart by die verslag ingesluit moet word waarop aangedui word watter omliggende eienaars kennis van die voorgestelde grondgebruik ontvang het.

Dat, onderhewig aan die wysigings aan die verslag soos voorgestel gedurende die bespreking van die item, word –

### **EENPARIG BESLUIT**

(op voorstel van me L Waring, gesekondeer deur mnr P A C Humphreys)

A Dat die aansoek vir die hersonering van erf 686 (1069m<sup>2</sup> in grootte), Yzerfontein vanaf residensiële sone I na algemene residensiële sone 3 in terme van paragraaf 60 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015) goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

#### **A1 Stadsbeplanning/Boubeheer**

- (a) Die gastehuis beperk word tot 2 selfsorgeenhede en 2 kamers in die hoofhuis vir gaste akkommodasie;
- (b) Die bouplanne vir die omskepping van die woonhuis in 'n gastehuis aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voorgelê word vir oorweging en goedkeuring;
- (c) Geen strukturele wysigings aan die bestaande huis aangebring word nie, ten einde toe te laat dat die gastehuis later weer deur 'n familie as 'n enkel woonhuis gebruik kan word;
- (d) Alle vermaaklikhede en maaltye sal slegs tot voordeel van die bone-fide oornag gaste wees en aan die bepalings van die Wet op Besighede (Wet 71 van 1991) voldoen. Die aansoeker moet by die Weskus Distriksmunisipaliteit vir 'n Geskiktheidsertifikaat aansoek doen;
- (e) 'n Register van gaste en loseerders moet bygehou word, en voltooi word wanneer kamers uitgehuur word. Hierdie register moet aan 'n amptenaar van Swartland Munisipaliteit op versoek beskikbaar gestel word;
- (f) Geen reklamebord mag vertoon word, anders as 'n teken of kennisgewing wat nie oor die straat uitsteek nie, en sodanige teken mag nie 1m<sup>2</sup> in oppervlak oorskry nie. 'n Aansoek vir die oprigting van 'n reklamebord moet aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (g) Nie minder nie as 4 op-perseel parkeerruimtes moet geskep word en van 'n permanente stofvrye oppervlakte voorsien word, hetsy van teer, sement of plaveisel of enige ander materiaal wat vooraf deur Swartland Munisipaliteit goedgekeur moet word. Die parkeerruimtes moet gebou en afgebaken word tot die bevrediging van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste;
- (h) Die aansoeker/beswaarmakers moet ingevolge Hoofstuk VII, paragraaf 79 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning van hul reg tot appèl in kennis gestel word;

#### **A2 Water**

- (a) Die bestaande wateraansluiting moet gebruik word en geen addisionele wateraansluitings sal toegelaat word nie;

#### **A3 Riool**

- (a) 'n Uitsuigtenk met voldoende kapasiteit moet voorsien word tot die bevrediging van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste binne 60 dae nadat die bouplanne goedgekeur is. Die uitsuigtenk moet op die bouplanne aangedui word;

**A4 Vullisverwydering**

- (a) Die basiese vullisverwyderingstarief sal gehef word vir die huis en die besigheid. In die geval van die besigheid, sal die tarief aangepas word in ooreenstemming met die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) Die eienaar is verantwoordelik om vullis in vullissakke te plaas wat op die oggend van vullisverwydering op die naaste munisipale sypaadjie uitgeplaas moet word;

**A5 Kapitaalbydraes**

- (a) Die eienaar/ontwikkelaar moet 'n vaste kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van streekswater ten bedrae van R2 519.02 aan die Munisipaliteit op bouplanstadium maak. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6230 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (b) 'n Vaste kapitaalbydrae t.o.v. water ten bedrae van R1 096,36 moet aan die Munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (c) 'n Vaste kapitaalbydrae t.o.v. riool ten bedrae van R592,20 moet aan die Munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (d) Dat die eienaar/ontwikkelaar in kennis gestel word van die 40% korting van toepassing op kapitaalbydraes ingevolge die Raadsbesluit gedateer Mei 2015, en dat hierdie korting geldig is vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;

**B** Dat die aansoek om afwyking ten einde af te wyk van die 6m syboulyn na  $\pm 4,6m$  (noordelike grens) en na  $\pm 3,7m$  (suidelike grens) ingevolge artikel 60 van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015), goedgekeur word;

**C** Dat die aansoek vir die opheffing van beperkende voorwaardes, paragraaf D6(a) van die Titelakte Nr T6065/2001, ingevolge paragraaf 60 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning, goedgekeur word, onderhewig aan die volgende proses:

- (a) Die aansoeker/eienaar moet aansoek doen by die Aktekantoor om die titelakte te wysig ten einde die opheffing van beperkende voorwaarde aan te toon (Die volgende minimum inligting moet aan die Aktekantoor voorsien word ten einde die aansoek te oorweeg, naamlik – afskrif van die goedkeuring van Swartland Munisipaliteit, oorspronklike Titekakte en 'n afskrif van die kennisgewing wat deur Swartland Munisipaliteit in die Provinsiale Koerant geplaas was);
- (b) 'n Afskrif van die gewysigde Titelakte moet aan Swartland Munisipaliteit voorsien word vir rekorddoeleindes, alvorens die bouplan finaal vir goedkeuring oorweeg kan word;

**D** Dat die aansoek vir die volgende redes ondersteun word:

- (a) Die aansoek voldoen aan die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van Swartland Munisipaliteit;
- (b) Die gastehuis sal nie 'n negatiewe impak hê op die karakter van die omliggende omgewing nie, aangesien dit uit die bestaande woonhuis bedryf sal word.

**5.3 ONDERVERDELING VAN ERF 12, MALMESBURY (15/3/6-8) (WYK 7)**

Die voorsitter behandel die verslag.

'n Bespreking vind plaas aangaande die gebrekkige inligting wat deur die Ingenieursdepartement voorsien word. Die presiese aansoek om onderverdeling van erf 12

(wat intussen verval het) het in 1987 voor die Raad gedien en as voorbeeld word die volgende goedkeuringsvoorwaarde ten opsigte van die opgradering van riooldienste aangehaal:

"dat die Eienaar van hierdie erf op sy eie koste 'n 100 mm rioolpyp vanaf afgesnyde gedeelte B, oor gedeelte A en erf 2594 tot in Colignystraat, soos in rooi op die aangehegte sketsplan aangedui, aanbring."

Die vraag word ook gestel of dit nodig is om 'n professionele ingenieur aan te stel, in die geval waar die ingenieurs presies aandui watter opgradering verlang word, aangesien dit koste-implikasies vir die aansoeker inhou.

Die voorsitter stel voor dat die onderskeie ingenieurs die volgende Munisipale Beplannings-tribunaalvergadering bywoon ten einde te verneem van watter inligting verlang word om verslagdoening en voorwaardes wat gestel word te verbeter.

### **EENPARIG BESLUIT**

(op voorstel van mnr P A C Humphreys, gesekondeer deur me L Waring)

A Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 12, Malmesbury in terme van paragraaf 60 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening rakende Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015) goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

#### **A1 Stadsbeplanning/Boubeheer**

- (a) Erf 12 onderverdeel word in drie gedeeltes naamlik die restant ( $\pm 2558\text{m}^2$ ), gedeelte A ( $\pm 450\text{m}^2$ ) en gedeelte B ( $\pm 450\text{m}^2$ ) soos aangedui op die plan wat voorsien is;
- (b) Die goedkeuring geldig is vir 'n termyn van 5 jaar ingevolge die toepaslike verordening;

#### **A2 Riool**

- (a) Die riolaansluitings, hetsy uit Rozenburg- of Colignystraat moet met die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste uitgeklaar word ten einde die onderverdeelde gedeeltes van riolaansluitings te voorsien;
- (b) Die ontwikkelaar moet 'n ingenieur, wat toepaslik geregistreer is ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000, aanstel om die opgradering te ontwerp;
- (c) Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê word vir goedkeuring;
- (d) Na voormelde goedkeuring, moet die konstruksie werke onder die toesig van die aangestelde ingenieur uitgevoer word;

#### **A3 Water**

- (a) Die onderverdeelde gedeeltes moet van aparte wateraansluitings voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op bouplanstadium;
- (b) Die koste vir die wateraansluitings is vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar;

#### **A4 Vullisverwydering**

- (a) Die basiese vullisverwyderingstarief sal gehef word vir elke beboude of vakante eiendom;
- (b) Die eienaar is verantwoordelik om vullis in vullissakke te plaas wat op die oggend van vullisverwydering op die naaste munisipale sypaadjie uitgeplaas moet word;

#### **A5 Elektrisiteit**

- (a) Elke onderverdeelde gedeelte moet van 'n aparte elektrisiteitsaansluiting voorsien word vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar;

5.3(A5)/...

- (b) Die verwydering en/of afsluiting van enige elektrisiteitskabel oor die onderverdeelde gedeeltes is vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar;
- (c) Enige elektriese tussenverbindings moet ge-isoleer en heeltemal verwyder word;
- (d) Die elektrisiteitsverbindings moet aan die bestaande laagspanningsnetwerk gekoppel word tot die bevrediging van die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste;

**A6 Kapitaalbydraes**

- (a) Die eienaar/ontwikkelaar moet 'n kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van streekswater ten bedrae van R6 477,48 (R10 795,80 x 0.6 vir medium digtheid, 'n totaal van R12 954,96) vir elke nuutgeskepte eenheid aan die Munisipaliteit maak. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (b) 'n Vaste kapitaalbydrae t.o.v. water ten bedrae van R7 277,00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R14 554,00) moet aan die Munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (c) 'n Vaste kapitaalbydrae t.o.v. riool ten bedrae van R3 600,00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R7 200,00) moet aan die Munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (d) 'n Vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate en stormwater ten bedrae van R5 363,00 per nuutgeskepte eenheid moet aan die Munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag ('n totaal van R10 726,00) is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (e) 'n Vaste kapitaalbydra t.o.v. elektrisiteit ten bedrae van R4 321,00 per nuutgeskepte eenheid moet aan die Munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag ('n totaal van R8 642,00) is betaalbaar teen posnommer 83-34-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (f) Dat die eienaar/ontwikkelaar in kennis gestel word van die 40% korting van toepassing op kapitaalbydraes ingevolge die Raadsbesluit gedateer Mei 2015, en dat hierdie korting geldig is vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (g) Die kapitaalbydraes is betaalbaar op uitklaringstadium;

**A7 Algemeen**

- (a) Die bestaande dienste wat die restant aan die onderverdeelde gedeeltes verbind, moet verskuif of verwyder word ten einde te verseker dat elke erf se netwerkstelsels apart geakkommodeer word;
- (b) Indien dit nodig is om die bestaande infrastruktuur uit te brei ten einde die onderverdeelde gedeeltes van dienste te voorsien sal dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (c) Die aansoeker/beswaarmakers moet ingevolge Hoofstuk VII, paragraaf 79 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning van hul reg tot appèl in kennis gestel word;
- (d) Die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 28 van die Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning van Swartland Munisipaliteit (PK 7420 van 3 Julie 2015) magtig, sal nie uitgereik word alvorens daar nie aan al die relevante voorwaardes voldoen is nie;

**B** Dat die aansoek vir die volgende redes ondersteun word:

- (a) Daar is geen fisiese beperkings op die eiendom wat 'n negatiewe impak op die voorgestelde aansoek sal hê nie;

5.3(B)/...

- (b) Daar is geen beperkings op die Titelakte van die eiendom wat 'n negatiewe impak op die voorgestelde aansoek sal hê nie;
- (c) Die aansoek sal nie 'n negatiewe impak op die karakter van die omliggende omgewing het nie, aangesien die nuutgeskepte eenhede voldoen aan die minimum erf groottes soos goedgekeur vir die Dalsig-area;
- (d) Die voorgestelde aansoek sal nie 'n negatiewe impak op munisipale ingenieursdienste hê nie;
- (e) Die aansoek word ondersteun deur die MSDF (*Municipal Spatial Development Framework*), sowel as die *Provincial SDF*, aangesien dit verdigting van die dorpsgebied tot gevolg sal hê;
- (f) Toegang na en tot die nuutgeskepte eenhede, sowel as die restant, is vanuit 'n publieke straat, naamlik Dagbreekstraat;
- (g) Die aansoek is in ooreenstemming met die beginsels van Hoofstuk 2 van SPLUMA en Hoofstuk VI van LUPA;
- (h) Die voorgestelde onderverdeling word geag as wenslik te wees, en die aansoek voldoen verder aan die toepaslike bepalings ingevolge die betrokke soneringskema regulasies.

#### 5.4 ONDERVERDELING VAN ERF 278, MALMESBURY (15/3/6-8) (WYK 10)

'n Aansoek is ontvang vir die onderverdeling van erf 278 (groot, 1265m<sup>2</sup>), geleë te Pleinstraat 17, Malmesbury in restant (±765m<sup>2</sup> in grootte ) en gedeelte A (±500m<sup>2</sup> in grootte).

Die voorsitter behandel die verslag en word –

#### EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van mnr C Rabie, gesekondeer deur me L Waring)

- A Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 278 (1265m<sup>2</sup> in grootte), Malmesbury ingevolge paragraaf 60 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015) goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
- A1 **Stadsbeplanning/Boubeheer**
- (a) Erf 278 onderverdeel word in 'n restant (±765m<sup>2</sup>) en gedeelte A (±500m<sup>2</sup>);
  - (b) Bouplanne vir die omskepping van die buitegeboue op gedeelte A in 'n woonhuis of die oprigting van 'n woonhuis op uitklaringstadium voorgelê word;
- A2 **Water**
- (a) Elke onderverdeelde gedeelte moet van 'n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op onderverdelingstadium;
- A3 **Sewerage**
- (a) Elke onderverdeelde gedeelte moet van 'n aparte rioolaansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op onderverdelingstadium;
- A4 **Vullisverwydering**
- (a) Die basiese vullisverwyderingstarief sal gehef word vir die beboude erf en die vakante erf;
  - (b) Die eienaar is verantwoordelik om vullis in vullissakke te plaas wat op die oggend van vullisverwydering op die naaste munisipale sypaadjie uitgeplaas moet word;
- A5 **Elektrisiteit**
- (a) Elke onderverdeelde gedeelte moet van 'n aparte elektrisiteitsaansluiting voorsien word vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar;

5.4(A5)/...

- (b) Die verskuiwing van enige elektriese kables oor die betrokke onderverdeelde gedeelte, sal verskuif word vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar;
- (c) Enige elektriese tussenverbindings moet ge-isoleer en heeltemal verwyder word;
- (d) Die elektrisiteit moet aan die bestaande laagspanningnetwerk gekoppel word;
- (e) Addisioneel tot voormelde, moet die eienaar/ontwikkelaar betaal vir die elektrisiteits-aansluitings van die onderverdeelde gedeeltes;

A6 **Kapitaalbydraes**

- (a) Die eienaar/ontwikkelaar moet 'n kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van streekswater ten bedrae van R6 477,48 (R10 795,80 x 0.6 vir medium digtheid) vir elke nuutgeskepte eenheid aan die Munisipaliteit op uitklaringstadium maak. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6230 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (b) 'n Vaste kapitaalbydrae t.o.v. water ten bedrae van R7 277,00 per nuutgeskepte eenheid moet aan die Munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (c) 'n Vaste kapitaalbydrae t.o.v. riool ten bedrae van R3 600,00 per nuutgeskepte eenheid moet aan die Munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (d) 'n Vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate en stormwater ten bedrae van R5 363,00 per nuutgeskepte eenheid moet aan die Munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (e) 'n Vaste kapitaalbydrae t.o.v. elektrisiteit ten bedrae van R4 321,00 per nuutgeskepte eenheid moet aan die Munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 83-34-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;
- (f) Dat die eienaar/ontwikkelaar in kennis gestel word van die 40% korting van toepassing op kapitaalbydraes ingevolge die Raadsbesluit gedateer Mei 2015, en dat hierdie korting geldig is vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;

A7 **Algemeen**

- (a) Die bestaande dienste wat die restant aan die onderverdeelde gedeelte verbind, moet verskuif of verwyder word ten einde te verseker dat elke erf se netwerkstelsels apart geakkommodeer word;
- (b) Indien dit nodig is om die bestaande infrastruktuur uit te brei ten einde die onderverdeelde gedeeltes van dienste te voorsien sal dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (c) Die aansoeker/beswaarmakers moet ingevolge Hoofstuk VII, paragraaf 79 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning van hul reg tot appèl in kennis gestel word;
- (d) Die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 28 van die Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning van Swartland Munisipaliteit (PK 7420 van 3 Julie 2015) magtig, sal nie uitgereik word alvorens daar nie aan al die relevante voorwaardes voldoen is nie;

B Die voorgestelde onderverdeling word vir die volgende redes ondersteun:

- (a) Die voorgestelde onderverdeling voldoen aan die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van Swartland Munisipaliteit;



5.4(B)/...

- (b) Die bestaande ingenieursdienste is voldoende om die nuutgeskepte gedeelte te akkommodeer.

Die vergadering verdaag om 16:05

**(GET) J J SCHOLTZ**  
**VOORSITTER**